

HULPMIDDELS IN DIE PROSES

ARNO EN MARIANNE CLAASSEN

*'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 12)*

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Die proses van dissipelskap is eintlik die hart van alles. Hierdie proses moet verstaan word vir hoekom hy is soos hy is, maar die belangrikste deel is natuurlik om dit te doen. Die spreekwoord sê “The proof of the pudding lies in the eating!” ‘n Teorie, model of proses is nog steeds nutteloos as dit nie ‘n lewensstyl uit die hart is nie. Om dinge te doen en te aktiveer is nie juis deel van ons kerklike kultuur in die Weste nie. Die voltydse span doen alles en die ander woon dit slegs by.

Sonder aktivering sit ons eintlik met steeds niks. Indien alles net spontaan sou gebeur het, weet ek ook nie hoekom dit dan nie al lankal gebeur het nie. Die lewe is nie net oor die algemeen baie besig nie, maar ook doelgerig. Indien jy nie beplan om iets te doen nie, is daar gewoonlik ook nie tyd om dit te doen nie. Gelowiges beplan nie om daaglik een hoofstuk Woord te lees nie en daarom gebeur dit nie. “If you fail to plan, you plan to fail! If you aim at nothing, you will hit it every time!” In Engels sê ons die lewe is baie “intentional”. As jy iets wil hê, moet jy soontoe werk anders gaan jy nie daar uitkom nie. Die lewe vloei spontaan uit die hart, maar moet doelbewus en doelgerig word na waarheen dit as ‘n lewenswyse moet vloei.

In hierdie proses is daar ‘n paar hulpmiddels of aanbevelings oor hoe om daarby uit te kom. In hierdie hoofstuk wil ons kyk na wat ons vir jou in die hand kan gee om die proses in mense se lewens te vestig as ‘n lewensstyl. Mense se lewensstyle moet verander en dit gebeur nie vanself nie. Dit verg ure van om in die Vader se teenwoordigheid te sit en doelbewus te gehoorsaam dit waarvoor Hy met jou praat. Ons word nie met dissipline gebore nie en dit is iets waaraan ons ons moet onderwerp.

HULPMIDDELS IN DIE PROSES

12.1) KIND – JONGMAN - VADERSKAP

In die Vader se familie is daar volgens I Joh.2:12-14 drie groepe mense, naamlik kinders, jongmanne en vaders. Die hele doel van gemeentelêwe is om ongelowiges te kry om kinders van God te word, waarna hulle moet opgroei tot jongmanne en uiteindelik vaders word. Die tendens is dat kinders baie afhanklik is en almal rondom hulle se bydrae tot hulle lêwe vra. Die jongmanne neig weer om onafhanklik te raak en baie dinge op hulle eie te doen sonder inspraak van ander mense. Die vaders wat interafhanklik is, het die balans om mense saam te trek om spanne te vorm.

KIND	JONGMAN	VADER
Afhanklik	Onafhanklik	Interafhanklik
Kennis	Insig	Wysheid

Kinders se meeste energie gaan daarin om kennis op te doen oor alles rondom hulle, sodat hulle kan begin om ingeligde en volwasse keuses te maak. Jy kan nie die regte keuses maak as jy nie eers weet wat die feite van die lêwe is nie. Jongmanne se kennis het ontwikkel in insig en hulle verstaan waar hulle in die hele prentjie inpas. Insig is niks anders as openbaring wat vir jou die voordeel aandui van alles vir jou en waar jy inpas in die prentjie. Insig is geopenbaarde kennis. Die vaders leef vanuit wysheid want hulle leef die praktyk van die insig wat hulle gekry het. Wysheid is niks anders as toegepaste kennis. Wysheid is om deur jou lêwe nuwe mense in die proses in te bring deur kennis aan hulle oor te dra. Wysheid is om dit wat jy weet in so 'n mate te lêwe dat ander mense dit ook wil hê.

Die belangrikste van al hierdie dinge is om te weet dat die enigste manier om van 'n kind na 'n jongman te groei, is deur die kennis wat uit die WOORD kom. I Joh.2:13-14 sê juis dat die mense jongmanne geword het, omdat hulle sterk is in die Woord! Slegs die Woord kan kinders transformeer na jongmanne. Kursusse kan dit nie doen nie, want dit is verwerkte Woord. *By Woord bedoel ons dat jy met jou Bybel tyd in die teenwoordigheid van die Vader spandeer, na Sy stem luister en doen wat Hy vir jou sê.* Woord beteken nie om na preke te luister, kursusse te loop of selfs 'n paar teksies uit jou kop te leer nie. Woord beteken om 'n ontmoeting met die Vader te hê en daar kommunikasie tussen jou hart en Sy hart is! Woord beteken om die stem van die Vader persoonlik in elke aspek van jou lewe te leer ken en dit so te gehoorsaam dat jy in konstante, onmiddellike gehoorsaamheid lewe.

Wat bring mee dat jongmanne vaders word in gemeentelewe? Daar is weereens net een ding wat jongmanne laat ontpop as vaders en *dit is om VERANTWOORDELIKHEID in die praktyk op te neem!* Jy word net volwasse en vaardig in iets wanneer jy dit begin beoefen. Daar is geen ander pad na vaderskap as om ondervinding op te doen deur dit self te doen nie. Ondervinding kan nêrens gekoop word nie, dit is net die praktyk oor jare wat dit vir jou gee wanneer jy aktief verantwoordelikheid opneem in sekere areas. Geen mens wat in 'n stoel sit word ooit volwasse nie. Jy moet opstaan en self die ding begin doen in die praktyk. Jy kan nie die lewe leer leef in klaskamers nie, maar alleen in die lewe self. Na aanleiding van wat ons gesê het, behoort die twee sleutelwoorde in gemeentelewe WOORD en VERANTWOORDELIKHEID te wees! Indien dit nie twee van die hoofpilare gaan wees nie, sal jy nooit vaders oes in die gemeente nie.

12.2) GEBED

Soos ons reeds verduidelik het, kom lewe vanuit God. Net Hy kan lewe gee, onderhou, verander en transformeer! Alles in dissipelskap draai rondom die feit dat ons net prosesse kan skep waar ons die Vader weer terugbring tot Sy regmatige plek in die lewe en in ons lewens sodat Hy ons kan verander. Hy is die enigste een wat harte kan draai en verander. In die lig hiervan is dit dus logies dat ons 'n baie groot klem op gebed sal plaas. Daar is geen manier hoe enige menslike plan of leierskap ware dissipelskap kan teweegbring nie. God het die wêreld en al die mense daarin geskape, en Hy soek deur ons harte vrywilliglik beweging in hierdie wêreld. Ons is in beheer op hierdie aarde, maar die Vader wil die werk vir ons doen as ons Hom net die geleentheid gee om dit te doen.

In die lig van hierdie agtergrond is dit dan ook verstaanbaar hoekom ons niks aan die gang of suksesvol sal kry sonder gebed nie. Gebed is 'n afhanklikheidsverklaring teenoor die Vader dat ons niks op ons eie kan doen wat suksesvol is nie. Gebed is om jou totaal op die Vader te verlaat, wetende dat Hy die enigste bron van geestelike lewe is en dat niks ooit suksesvol en permanent sal wees as Hy nie die alles in ons lewens en programme is nie. Alle geestelike bewegings deur die eeue was voorafgegaan deur 'n beweging van gebed. Dit is een van die sake wat onweerlegbaar vasstaan in die kerkgeskiedenis. Die enigste probleem was egter ook dat as die lewe en wyn gekom het, dit nie standhoudend gebly het nie, omdat die wynsakke dit nie kon akkommodeer nie! Hierdie is die moeiliker deel waarin ons minder suksesvol was in die geskiedenis, alhoewel dit in die praktyk die makliker deel is. Die probleem van veral ons Westerlinge is dat ons onself moeilik op God verlaat, want ons het ons eie plan vir alles. Boonop is ons baie onafhanklik en selfvoorsierend, en maak

ons seker dat ons altyd in beheer van alles bly in die lewe. Ons sal hernudelik weer na hierdie goed moet gaan kyk. Wanneer ons poog om 'n nuwe beweging te veroorsaak, laat ons seker maak dat die grootste fondamentsteen daarvan gebed is.

Die eerste pilaar van dissipelskap is die GROEP of OMGEWING. Dit is juis hier waar gebed baie sterk moet inpas. Die groep kom ooreen om saam bymekaar te kom in die teenwoordigheid van die Vader en Hom te versoek om as leier hulle te bedien. Dit is hoekom die Vader wil beweeg deur mense wat mekaar bedien deur aktiewe gebed. Die atmosfeer van die groep is inderdaad niks anders as 'n gebedsatmosfeer nie. Almal kom saam in totale afhanklikheid van Hom dat Hy sal opdaag en Homself aan almal bekend sal maak. Wanneer die groep verdaag, gaan die gebedsatmosfeer en gesprek met die Vader saam met almal die res van die week, deurdadig vir mekaar intree en bid. Die dissipelskapsgroep of gemeente is klein en persoonlike betrokkenheid is baie belangrik in die proses.

Gebed is nie net 'n handeling wat by geleentheid plaasvind nie, maar 'n gees van afhanklikheid aan die Vader wat alles wat ons doen moet deursuur. Gebed is 'n hartsfokus op die Vader en 'n verwagting dat Hy te alle tye en in alles Sy opwagting sal maak in alles wat ons doen. Gebed is 'n bewussein van God se teenwoordigheid orals en in elke aspek van ons lewens. Dit is 'n konstante wete dat as God die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan arbei. Gebed word gebore uit die wete dat alles wat ons as mense doen nutteloos is as die seën van die Here nie daarop rus nie. Kom ons gee deur 'n lewe van gebed weer vir Vader die plek wat Hom toekom in ons lewens en in gemeentelewe. Sonder Hom het ons niks en sal niks ook oplewe en standhou nie! Dissipelskap is 'n beweging van

God in mense se harte en nie ons pogings en programme om mense te draai nie. Kom ons haal gemeentewees eens en vir altyd uit sy dinamiek dat dit 'n beweging van leiers is en draai dit na 'n beweging van die Heilige Gees deur gewone gelowiges!

12.3) 'DISCOVERY' GROEPE

Wanneer die groep suiwer uit ongelowiges bestaan, is dit nie 'n gemeente nie, maar word dit 'n dissipelskaps- of ontdekkingsgroep genoem. Wanneer jy met baie ongelowiges werk, wat trouens die ideaal is, is dit die beste om dit iets algemeen aanvaarbaars te noem soos 'n 'Discovery group'. In so 'n groep gaan dit slegs om die Vader te ontdek en verstaan, en daarom word daar uit die Woord gewerk vanaf Genesis. Die groep vergader en werk weekliks uit die Woord, alhoewel nie noodwendig elke dag van die week nie. Die ongelowige moet eers die Woord ontdek as die enigste middel waardeur die Vader praat, voordat hy gemotiveerd sal wees om ook die Woord in die week te lees. Hier volg die reeds beproefde tekste om met ongelowiges deur te werk in 'n 'Discovery group':

Discovering God - Oorsig

Hierdie is die reeks skrifte wat deurgewerk word met ongelowiges wat belangstel om meer van God die Vader te leer. Dit is belangrik om met die skepping te begin en nie met Christus nie. Elke verhaal leer 'n belangrike aspek van God wat ontdek moet word. Onthou asseblief om nie lering te gee nie, maar net die groep te fasiliteer en vrae te vra!

Skrifgedeelte

Hoofwaarheid om te ontdek

	Skepping	
1	Genesis 1:1-25	Daar is 'n God en Hy het die wêreld geskape
2	Genesis 2:4-24	God het Adam en Eva geskape
	Die val en die vloed	
3	Genesis 3:1-24	Die mens is ongehoorsaam en word geoordeel
4	Genesis 6:5-8:14	God treur oor die mens se ongehoorsaamheid. Daar is gevolge vir ongehoorsaamheid. Die vloed vernietig die mensdom en net Noag word gered.
	God berei voor vir 'n Redder	
5	Genesis 12:1-8, 15:1-6; 17:1-7; 22:1-19	God seën Abraham en toets sy geloof
6	Exodus 20:1-21	God gee gebooië aan Sy mense
7	Levitikus 4:1-35	God verwag offers vir die sondes van sy mense
8	Jesaja 53	God vertel van die lyding van die beloofde Messias
	God stuur 'n Verlosser	
9	Lukas 1:26-38, 2:1-20	Jesus is gebore volgens die profesie
10	Mattheus 3; John 1:29-34	Johannes getuig van Jesus as die beloofde Seun van God
11	Joh. 3:1-21	Jesus is God se enigste Seun wat gestuur is om die wêreld te red.
12	Joh. 4:1-26, 39-42	Jesus is die beloofde Messias
13	Lukas 5:17-26	Jesus het gesag om sonde te vergewe en te genees.
14	Markus 4:35-41	Jesus het outoriteit oor die wind en die see.

15	Markus 5:1-20	Jesus het outoriteit oor die bose geeste
16	Joh. 11:1-44	Jesus het outoriteit oor die dood
17	Mattheus 26:17-30 John 18:1-19:16	Jesus voorspel Sy verloëning
18	Lukas 23:32-56; 24:1-12	Jesus sterf en staan weer op
19	Lukas 24: 36-53	Jesus sterf en staan weer op om die profesie te vervul en 'n einde aan die heerskappy van sonde te maak.
20	Joh. 1:1-14; 3:1-21	As ons in Jesus glo kan ons die ewige lewe hê

Discovering God - in 'n Groep

Met mense wat nie Christus ken nie!

- Gebruik die tekste van die “Discovering God” oorsig.
- Vra elkeen in die groep om iets te deel waarvoor hulle dankbaar is.
- Vra elkeen in die groep om iets te deel wat pla en spanning in hulle lewens veroorsaak.
- Lees die skrifgedeelte wat vir die dag gekies is. As daar 'n Audio Bybel is, kan julle daarna luister.
- Vra iemand in die groep om die storie oor te vertel. As die persoon klaar is, vra die ander of enigiets belangrik uitgelaat is van die verhaal.
- Vra: “Wat sê die verhaal van God? Wat sê die verhaal van die mens? Wat sê dit van God se plan?” Gee hulle genoeg tyd om te antwoord. Weerstaan die versoeking om self vir hulle te sê wat die verhaal beteken. As hulle dit nie verstaan nie, kry ander skrifte en vra meer vrae.

- Vra: “As hierdie verhaal waar is, hoe verander dit die manier hoe ons nou lewe?”
- Vra: “Watter vrae het julle aangaande die verhaal?”
- Vra: “Weet jy van enige persoon wat sal baat vind daarby om die verhaal te hoor?” Moedig hulle aan om dit met ander mense te deel.
- Vra: “Is daar enige persoon wat jy ken wat jy weet hulp nodig het?” Laat die groep besluit wat hulle vir die persoon kan doen en laat hulle dit doen voordat die groep weer bymekaar kom.

12.4) DRIE KOLOMME TABELLE

Om die lees van die Woord gefokus en eenvoudig te maak, kan dit op ‘n bladsy uitgedruk word met drie kolomme. Die eerste kolom is die Skrif self, die tweede kolom is die omsit in jou eie woorde en die derde kolom is die gehoorsaamheidsstappe. Die gedagte van die tabelle is dat die mense skryf wat hulle praat en dat hulle bly by die skrif voor hulle. Wees versigtig vir te veel Skrif en laat geen rondspring tussen Skrifte toe nie. Dit veroorsaak dat mense die gehoorsaamheid afwater. Nog voorbeelde kan by my aangevra word en sal met die e-pos aangeheg word.

WOORD	SKRYF OOR IN EIE WOORDE	WAT GAAN EK DOEN
<p>Matt.7:21-23 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van</p>		

<p>my Vader wat in die hemele is. (22) Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? (23) En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!</p>		
---	--	--

12.5) DISSIPELSKAPSBOEKIES

Op eie inisiatief is ek besig om 'n reeks dissipelskapboekies op te stel, wat in gemeentelewe gebruik kan word met mense wat reeds besluit het die Woord is die antwoord op hulle lewensvrae. Hierdie boekies is nie verpligtend nie, maar 'n goeie hulpmiddel in die proses van dissipelskap en het besliste voordele:

- Dit bepaal die onderwerp van die maand.
- Dit veroorsaak dat almal dieselfde Skrifte lees.
- Dit gee vorming en struktuur aan die groepe.
- Dit het die vier pilare van dissipelskap vir elke dag.
- Dit laat die dissipels fokus op die Woord, gehoorsaamheid en getuienis.

- Dit vra jou om bietjie te “journal” oor wat die Vader met jou praat.
- Dit konfronteer jou om daaglik gedissiplineerd te wees.
- Dit hou jou verantwoordelik tot die gehoorsaamheid wat die Vader van jou vra elke dag.
- Dit laat jou maandeliks jou verhoudings evalueer waar jy staan.
- Dit bring ‘n maklike en vinnige afskop in gemeentelewe as jy nie weet waar en hoe om te begin nie.
- Die boekies is in ‘n A5 formaat en pas maklik in die gemiddelde studiebybel in. Hulle is elk 40 bladsye lank.
- Daar is verskeie van die boekies in ‘n reeks beskikbaar in Afrikaans en Engels. Jy kan jou eie ook skryf oor enige onderwerp op grond van die basiese uitleg van die reeds bestaande een.

Die boekies kan in gedrukte of elektroniese formaat van my af bestel word by arno@lifewise.co.za. Soos hulle klaar kom, sal hulle ook op die webwerf www.lifewise.co.za verskyn onder die bladsy “congregationwise”. Die gedrukte boekies het ‘n prys aan hulle verbonde, maar die elektroniese formaat is verniet aangesien jy hulle self moet druk. ‘n Voorbeeld van so ‘n boekie sal saam met die huidige e-pos gestuur word.

12.6) OPLEIDING VERSUS TOERUSTING

Volgens Ef.4:11-13 lees ons die volgende: “En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, (12) *om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus*, (13) totdat ons almal kom tot die

eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;" In ons Westerse gemeentewêreld het ons baie behep geraak met die opleiding van mense, asof die gelowiges net niks kan en mag doen voor hulle nie deur die leiers opgelei is nie. Wees versigtig, want opleiding en toerusting is twee verskillende dinge. Opleiding behels die konteks van kursusse en teorie, terwyl toerusting meer die konteks het van om 'n voorbeeld te wees vir iemand anders. Kom ons raak van die idee ontslae dat mense alewig vir alles opgelei moet word in die geestelike wêreld. Elke gelowige het al God se kapasiteit deur die inwoning van die Heilige Gees ontvang, en daar is niks wat hulle so goed kan doen as om net 'n slag uit te stap en dit te doen nie. As hulle dit begin doen, sal hulle begin vrae vra. Opleiding gee antwoorde vir vrae wat mense nog nooit gevra het nie!

Die enigste ware en effektiewe opleiding is dit wat in die praktyk plaasvind terwyl jy die werk doen waarin jy opgelei wil wees. Ons noem dit indiensopleiding of toerusting. Daar is natuurlik nog altyd plek vir toerusting in verskillende areas van gemeenteweese, maar alles word rondom die vier pilare van dissipelskap gebou as die bus van die wiel. Alle ander toerusting is aanvullend tot die kern van dissipelskap. As gelowiges gevestig is in die proses van dissipelskap, sal alle ander toerusting wees soos die van 'n vitamienaanvulling. Jy sal nie verslaaf raak daaraan nie, maar dit is goed by geleentheid om te ondergaan. Die belangrikste opleiding is om die gemeenteleiers in 'n area minstens een tot twee keer per maand bymekaar te trek en hulle te laat praat met mekaar oor gemeentepianting. Kruisbestuiwing vir gemeenteleiers onderling met mekaar is van die uiterste belang. So leer hulle uit mekaar se foute en sterk punte.

OPSOMMING

- 1) As 'n oortuiging nie geleef word nie, is dit net 'n teorie en niks werd nie!
- 2) Die dissipelskapsproses kom net tot vervulling wanneer dinge geaktiveer word.
- 3) Die lewe in ons hart is spontaan, maar moet doelbewus en doelgerig gefokus word om effektief te wees in die praktyk.
- 4) Daar is net een manier om van 'n geestelike kind na 'n geestelike jongman te ontwikkel en dit is die WOORD!
- 5) Die Woord beteken 'n lewende ontmoeting met die Vader en gehoorsaamheid aan Sy stem terwyl jy die Woord bestudeer!
- 6) Daar is net een manier om van 'n geestelike jongman na 'n geestelike vader te ontwikkel en dit is VERANTWOORDELIKHEID IN DIE PRAKTYK!
- 7) Alle geestelike bewegings in die wêreld het vanuit gebed ontstaan, maar kon nie alleenlik uit gebed bly voortbestaan nie. Nuwe lewe en wyn kan net in nuwe wyses bewaar word.
- 8) Ongelowiges gee nie om om God te ontdek in 'Discovery' groepe nie.
- 9) Daar is hulpmiddele om ons te help om die proses van dissipelskap te doen.
- 10) Daar is ruimte om opleiding rondom die vier pilare van dissipelskap te doen.